CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

Begin ‘n gesprek, met ‘n CLF pamflet, wat ‘n lewe kan verander!

Tydens die Junie/Julie-vakansie, gebruik baie Christene die geleentheid om die boodskap van die evangelie met ander te deel. Soms as deel van 'n kerk of jeuggroep-uitreik, gemeenskapsprojek en ander tye op 'n meer informele manier - op roete by 'n diensstasie, of by die vakansiebestemming.

CLF se pamflette is Bybelgefundeerd, Jesus-gesentreerd en lewensveranderend! Deel jou geloof met ander en laat hulle met 'n pamflet wat jou boodskap sal versterk, selfs nadat jy weg is.

CLF se wye reeks *gratis pamflette en bekostigbare boeke, kan jou uitreikaksies ondersteun om ‘n lewenslange impak te maak.

1. CLF se ***“Gemeente uitreike”***-pamflet bied waardevolle leiding oor hoe om voor te berei vir ’n uitreik, te besin oor die doel van die uitreik, die rol van verhoudinge tussen uitreikspan en gemeenskap, asook praktiese wenke tydens die uitreik en ook ná die uitreik.

2. Nog pamflet onderwerpe wat van hulp kan wees is: ***“Hoe vertel ek vir iemand van Jesus?”*** en ***“Reik uit na ander met ’n pamflet?”, “Die pad na God”, “Die goeie nuus van die evangelie”, “Hoe praat ek met my bure wat nie Christene is nie?” en “Seven Biblical guidelines”.*** Ander evangelisasie en geloofsgroei-pamflette sluit in, ***“God se besondere boodskap vir jou…”, “‘n Verhaal van twee broers”, “Geloof groei”, “ABC vir geestelike groei”, “Here, leer ons bid”*** (almal is beskikbaar in Afrikaans, Engels, Xhosa, Sotho, Tswana en Zulu).

3. Benewens CLF se evangelisasiepamflette, is daar ‘n wye reeks pamflette wat handel oor baie relevante maatskaplike kwessies soos byvoorbeeld, dwelm- en alkoholmisbruik, geweld, depressie, HIV, ensovoorts.

4. Taal kan baie keer ’n struikelblok wees en die feit dat CLF se pamflette in soveel verskillende tale beskikbaar is - selfs ***Frans, Chinees, Portugees en Arabies*** - kan help om hierdie struikelblok te oorbrug.

5. Geestelike leesstof in ons inheemse tale is skaars en daarom is ’n uitreik die ideale geleentheid om ’n predikant of gemeenteleier te seën met ’n preekbundel in sy of haar eie taal. Sotho, Zulu, Tswana en Xhosa preekbundels is beskikbaar teen baie bekostigbare pryse.

6. Geloofsgroei-materiaal vir kinders in hul moedertaal is belangrik om ’n sterk geloofsfondasie van vroeg af te lê. CLF se drie pragtige en bekostigbare Kinderbybels in sewe van ons inheemse tale het al meer as 87 000 kinderharte (en ook diegene wat saamlees), oor ons hele land aangeraak. Ervaar self die vreugde om ogies te sien blink as kinders hul eerste storieboekbybel in hul moedertaal ontvang!

Vir verdere navrae of bestellings, skakel 021 873 6964, besoek ons webtuiste by www.clf.co.za, of besoek ons kantore in Oude Pontstraat 19, Wellington Nywerheidspark, Wellington. *Posgeld uitgesluit.

CLF literatuur nou elektronies beskikbaar: Laai vandag nog CLF se gratis toepassing (*app*) af om ons pamflet inhoud gemaklik te kan lees, boekmerk en deel. Jy het nou die unieke geleentheid om verskeie kwaliteitpublikasies gratis op jou slimfoon of tablet af te laai. Die *app* sal jou ook toegang gee tot verskeie ander hulpbronne en aanvullende produkte. Hierdie is ’n unieke geleentheid wat jy nie mag misloop nie! Besoek gerus jou aanlynwinkel (*Google Play of iStore*), tik “CLF” in die soekblokkie en laai die *app* gratis af.